NORTHERN FREE STATE

CAREGIVERS

We Care • Ons Gee Om

NPO No: 056-352
A Registered ARTICLE 18A Organisation
PBO No: 930032175

| | |
|---|---|
| Home Based Care | Caregivers Empowerment |
| Berading | Sterwensbegeleiding |
| Emotional Support | Ondersteunings Groepe |

**Sarel Cilliersstraat 13B**
**13B Sarel Cilliers Street**
**KROONSTAD**
**9499**
☎ 056 212 3415
084 206 8912

**Website:**
www: nfscaregivers.co.za

**e-mail:**
nfscaregivers@telkomsa.net

**facebook:**
facebook.com/pages/NFS-Caregivers-Kroonstad/426533817415878?fref=nf

# APRIL TOT DESEMBER 2025

- **Voorwoord - Felicity**
- ***Sien Tabel Opsomming vir:*** **Stipends betaal vir Versorging; Donasies; Uitgawes; Sterftes; Nuwe Verwysings en soorte kanker by tuisversorging**
- **Hoor die hartklop! – Raak betrokke**
- **Nuusbrokkie**

## Voorwoord

Beste Leser - welkom by hierdie uitgawe van ons gekombineerde nuusbriewe vanaf April 2025 tot Desember 2025 waarin ons terugkyk op ons produktiewe tydperke! Ons poog hiermee om u op hoogte te bring van agt maande se werksaamhede van die organisasie. Baie dankie vir almal se geduld! NFSCG is ontsettend dankbaar vir al ons donateurs, borge en vriende! Julle is die boustene van ons organisasie.

Soos u reeds kennis dra was die aanlyn loodsing program van NLC (Nasionale Lotery) se aansoek vir befondsing vir ons Maokeng en Brentpark Program, ‘n reusagtige buitengewone uitdaging wat ongelooflike ekstra ure en insette vereis het! Dit opsigself het veroorsaak dat van die alledaagse kantoor werk agterweë gebly het!

Ons sal poog om Januarie – Maart 2026 se nuusbrief in ‘n kwartaallikse nuusbrief formaat saam te vat waarin die verwikkelinge en hoogtepunte van ons organisasie weerspieël sal word om u te inspireer en ingelig te hou.

Ons Hemelse Vader was so goed vir ons dat daar geen sterfgeval was na die middel van Desember nie! November was vir ons ‘n baie traumatiese maand met palliatiewe versorging waar agt terminale kankerpasiënte gesterf het! Ons het saam gelag, saam gehuil, saam gestres en het saam deur gedruk in moeilike tye!

Ons het ‘n passie vir terminale pasiëntversorging en ons motto is om sover móóntlik ‘n liefdevolle gratis tuisversorgings diens te kan lewer met die Genade van Bo!

*Felicity*

# APRIL TOT DESEMBER 2025

| | | | |
|---|---|---|---|
| **APRIL** | ***STIPENDS*** | ***DONASIES*** | ***UITGAWES*** |
| | R73,550.00 | R73,323.60 | R137,890.00 |
| | | | |
| | ***STERFTES*** | ***NUWE VERWYSINGS*** | ***TUIS-VERSORGING*** |
| | 04 | 02 | Borskanker; Slukderm kanker; Kolonkanker; Breinkanker; Ovaria Kanker met metastases |
| | | | |
| **MEI** | ***STIPENDS*** | ***DONASIES*** | ***UITGAWES*** |
| | R86,515.99 | R155,349.00 | R123,006.27 |
| | | | |
| | ***STERFTES*** | ***NUWE VERWYSINGS*** | ***TUIS-VERSORGING*** |
| | ***03*** | ***05*** | *Borskanker; Slukderm kanker; Kolonkanker; Breinkanker; Ovaria Kanker* met metastases |
| | | | |
| **JUNIE** | ***STIPENDS*** | ***DONASIES*** | ***UITGAWES*** |
| | R142,926.00 | R233,525.25 | R195,299.69 |
| | | | |
| | ***STERFTES*** | ***NUWE VERWYSINGS*** | ***TUIS-VERSORGING*** |
| | Geen | | Borskanker; Slukderm kanker; Kolonkanker; Breinkanker; Ovaria Kanker met metastases |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| JULIE | **STIPENDS** | **DONASIES** | **UITGAWES** |
| | R107,274.66 | R132,895.26 | R171,809.93 |
| | | | |
| | **STERFTES** | **NUWE VERWYSINGS** | **TUIS-VERSORGING** |
| | 06 | Geen | Kolonkanker; lewer met metastase; ovaria met metastase; pankreas metastase na lewer; prostaatkanker en keelkanker |
| AUG. | **STIPENDS** | **DONASIES** | **UITGAWES** |
| | R106,365.00 | R141.699.12 | R183,092.35 |
| | | | |
| | **STERFTES** | **NUWE VERWYSINGS** | **TUIS-VERSORGING** |
| | 02 | Geen | Slukderm; Kolonkanker; Prostaatkanker; Nierkanker |
| SEP. | **STIPENDS** | **DONASIES** | **UITGAWES** |
| | R90,262.50 | R125,916.47 | R132,129.74 |
| | | | |
| | **STERFTES** | **NUWE VERWYSINGS** | **TUIS-VERSORGING** |
| | 02 | Geen | Longkanker; Kolonkanker; Nierkanker; Slukderm Kanker; Longkanker en metastases na Skelet |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **OKT.** | ***STIPENDS*** | ***DONASIES*** | ***UITGAWES*** |
| | R85,888.30 | R199,571.90 | R138,681.33 |
| | | | |
| | ***STERFTES*** | ***NUWE VERWYSINGS*** | ***TUIS-VERSORGING*** |
| | 03 | Geen | Kolonkanker; Nierkanker; Borskanker met metastases; Blaaskanker met metastases |
| | | | |
| **NOV.** | ***STIPENDS*** | ***DONASIES*** | ***UITGAWES*** |
| | R80,250.00 | R223,658.95 | R278,942.03 |
| | | | |
| | ***STERFTES*** | ***NUWE VERWYSINGS*** | ***TUIS-VERSORGING*** |
| | 08 | 02 | Kolonkanker met metastases; Borskanker met metastases, Breinkanker met metastases; Prostaatkanker met metastases, Ovaria Kanker met metastases; Nierkanker met metastases; Pankreas kanker met metastases |
| | | | |
| **DES.** | ***STIPENDS*** | ***DONASIES*** | ***UITGAWES*** |
| | R142,250.00 | R191,400.00 | R207,537.94 |
| | | | |
| | ***STERFTES*** | ***NUWE VERWYSINGS*** | ***TUIS-VERSORGING*** |
| | 01 | 03 | Breinkanker met metastases; Borskanker; Pankreaskanker, Ovaria Kanker |



# Raak Betrokke

## Liefdegawes word uitgedeel




Kontak gerus vir Felicity Combrinck by 084 206 8912 of nfscaregivers@telkomsa.net of besoek ons kantoor gedurende 09:00 – 13:00 weeksdae te Sarel Cilliers-straat 13B, Kroonstad indien jy belangstel of meer wil uitvind van die organisasie.

**ONTHOU DAT ARTIKEL 18A BELASTING DONASIE SERTIFIKATE (SARS IT3) UITGEREIK WORD AAN DIE EINDE VAN 'N FINANSIëLE JAAR VIR ALLE FINANSIëLE DONASIES AAN DIE ORGANISASIE WAARVAN 'N SEKERE PERSENTASIE VERHAALBAAR IS VAN U PERSOONLIKE / MAATSKAPPY BELASTING.**

**Bankbesonderhede: Northern Free State Caregivers**
**ABSA Bank Kroonstad Taknommer 632005**

**Rekeningnommer: 4068387301**



Sou u dit oorweeg om NFS Caregivers in u testament te benoem, kontak gerus u prokureur of instansie waar u testament gehou word om meer besonderhede uit te vind. Ons wil byvoorbaat u bedank vir u uitsonderlike vrygewigheid en nagedagtenis om ons organisasie as begunstigde te benoem. Wees verseker van ons opregte en lojale ondersteuning. Daar is baie geleenthede - geen nalatenskap is te klein of te groot nie!

**U KAN GERUS DIE NUUSBRIEF AAN U VRIENDE EN KENNISSE VERSPREI. ELEKTRONIESE WEERGAWES KAN OOK BEKOM DEUR ONS TE SKAKEL BY 056 212 3415 of 084-206-8912 OF STUUR 'N E-POS AAN:**

**nfscaregivers@telkomsa.net**

Besoek Ons Webwerf By
nfscaregivers.co.za of
Like ons facebook blad by NFS Caregivers Kroonstad

# NUUSBROKKIE



NFSCG het ‘n ongelooflike boedel nalantenskap ontvang vanaf oorlede Mnr. Lingenfelder se prokureur.

'n Resolusie is verkry tydens ‘n vergadering van Lede van Bestuur/Vrywilligers/Publiek dat daar ‘n goeie tweedehandse bakkie aangekoop kan word by ‘n plaaslike handelaar met hierdie nalatenskap. Die doel daarvan is om hospitaalbeddens en ander mediese hulpmiddels na pasiënte se huise te vervoer.

***2015 CHEVROLET UTILITY BAKKIE MET KAPPIE***

